

Alle gesag slegs van God afkomstig

Alle mense se lewe word deur God bepaal – sowel die begin as einde daarvan. So is dit ook met wie regeer en wie watter mag oor ander het. So leer oor ons tog ook in Romeine 13:1 dat alle gesag slegs van God afkomstig is. Reeds in die Ou Testament word dit duidelik: God bestuur die geskiedenis en deur sy beskikking kom volke op en gaan hulle onder. Hy gebruik so, tot voordeel van sy eie volk, ander volke om hulle oë oop te maak en hulle tot inkeer te bring.

Nou hoor ons dat Bileam oordeel uitspreek oor goddelose volke en hulle konings. En as deur die geskiedenisboeke geblaai word, het dit wat hy gesê het, inderdaad so uitgekom. Sommige van die volke het eers heelwat later beleef wat Bileam hier uitgespreek het.

So moet ons ook vandag bly onthou: regerings en die goddeloses staan onder God se gesag; onder Jesus se Koningskap. Aan God en Jesus moet verantwoording gedoen word. En onthou: wie staan, moenie dink dat hy nie kan val nie. Dit geld, soos vir enige mens, ook vir die regerings van elke dag.

Christus het gekom as Verlosser vir die wêreld, maar die wêreld erken Hom nie. *Wie Hom as Verlosser erken en dien*, hulle sal die voordeel van sy verlossing ervaar. Maar dit staan ook vas: wie Hom as Verlosser verwerp, staan steeds onder die oordeel van God. Die hel en ewige dood is net so 'n werklikheid as die hemel en ewige lewe. Daarom mag ons nie maar dink ons lewe nou in ander tye en hoef daarom nie God so letterlik op te neem oor sy oordeel en straf wat rus op elkeen wat sy liefde vertrap wat Hy in Christus aan ons bewys het nie.

Bid dat die Heilige Gees jou in jou geloof in God Drie-Enig sal bly versterk.

Sing: Psalm 48:1, 2 (1936)

Ds. P Fanoy (Windhoek)